

F A VAN JAARVELD AS VERTOLKER VAN SY TYD

P H Kapp

Randse Afrikaanse Universiteit

Vir die tradisionaliste onder die geskiedskrywers is 'n geskiedkundige wat hom met die probleme van sy tyd besig hou, 'n *contradictio in terminis*. Dit is vir hulle onaanvaarbaar dat die kennis van die verlede op die hede en die toekoms toegepas word. Dit is te spekulatief, daar is te min vastighede, te veel onsekerhede en vloeibare toestande. F A van Jaarsveld kan nie as 'n tradisionalistiese geskiedskrywer bestempel word nie.¹ Daarvoor het hy te sterk op die voorpunte van die vak beweeg om vanuit 'n sterk wysgerig-teoretiese onderbou nuwe navorsingsterreine en intellektuele toepassinge te vind. Sy vrugbare pen het dan ook baie nuwe terreine oopgestel en nuwe insigte gebring. Hy het dit onaanvaarbaar gevind dat die historikus hom in sy wetenskapsbeoefening in die verlede isoleer. Sy teoretiese werke oor die geskiedwetenskap getuig van sy standpunt dat die studie van die geskiedenis die hede en die toekoms moet betrek. Die historikus kan nie ongevoelig staan teenoor die mens se behoefte om sy eie tyd te verstaan en 'n visie vir die toekoms te formuleer nie.² Hy het nie verniet intellektueel diep gedrink by die kontinentale teoretici van die vak nie, en veral sterk beïnvloeding deur Duitse en Amerikaanse geskiedfilosowe ondergaan nie. Die werke van Johan Huizinga oor die dramatiese gebeure wat hy in die dertiger- en veertigerjare as historikus in Europa van naby beleef het, en 'n Friedrich Meinecke se diepe geestelik-intellektuele betrokkenheid by die na-oorlogse lotgevalle van sy volk, het hom stellig geïnspireer tot 'n poging om sy eie tyd te vertolk. Wat Van Wyk Louw vanuit sy geesteskulturele hoek vir die Afrikaner van sy en toekomstige tye probeer ontsluit het, het Van Jaarsveld op 'n meer gewaagde en meer polities-gelaaide wyse vanuit 'n geesteshistoriese hoek probeer doen. Teenoor Van Wyk Louw se vermoë om bo die problematiek van die oomblik uit te styg en met goedgekose woord en styl 'n idee te laat deurbreek, is Van Jaarsveld dikwels die Garibaldi wat met klowende beeldspraak 'n tydsgebonde uitspraak diep laat inslaan en sy leser tot denke en standpuntformulering dwing.

Van Jaarsveld se opstelle oor sy tyd moet teen die agtergrond van sy betrokkenheid by en belangstelling in die ideëgeskiedenis verstaan word. Van sy vele arbeidsvelde is sy werk oor die Afrikaner se ideëgeskiedenis stellig die vrugbaarste. Die Afrikaner is arm aan filosofies-teoretiese werke en polemiese geskrifte. Tog het Van Jaarsveld dié terrein met groot skeppingsvernuf betree. In sy eerste belangrike werk *Die Eenheidstrewer van die Republikeinse Afrikaners*³ het hy die lig laat val op die feit dat 'n volk of kultuur nie deur 'n selfgewilde besluit tot nasionale selfbewussyn kom nie, maar dat 'n voortdurende prikkeling nodig is om so 'n bewussyn te stimuleer. In *Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn*⁴ het hy hierdie gedagte verder gevoer om aan te toon hoedat só 'n prikkel, die Britse anneksasie van die Z.A.R. en die Eerste Vryheidsoorlog, 'n "nasionale selfbewuswording en die oorbrugging van die

Vgl. prof. J J Oberholster se opmerkings in *Die Burger*, 2.7.1973.

2. Vgl. die opstel "Eise van ons tyd aan die Geskiedskrywing" in *Geskiedkundige Verkenninge* pp.133–134. (J L van Schaik, Pretoria, 1974).
3. Voortrekkerpers, 1951.
4. Voortrekkerpers, 1957.

kloof wat die Groot Trek gebring het”, tot gevolg gehad het. Daaruit is Afrikanernasionalisme gebore wat die geskiedenis van Suid-Afrika tot 1961 oorheers het en die pas aangegee het.

In 'n reeks opstelle wat uiteindelik neerslag gevind het in sy *Die Afrikaner en sy geskiedenis*,⁵ *Lewende Verlede*⁶ en *Historiese Verkenninge*⁷ het Van Jaarsveld die denke van die Afrikaner oor sy verlede onder die soeklig geplaas. Die Afrikaner se selfbeeld is tot 'n groot mate deur sy beeld van sy eie verlede bepaal en Van Jaarsveld het die klem laat val op 'n hele aantal basiese elemente van hierdie selfbeeld. Die oorsprong van die Afrikaanse geskiedskrywing is veranker in Afrikanernasionalisme en is uiters beperk in omvang. Die Afrikaner se geskiedenis en sy Calvinistiese lewensbeskouing het die grondslag van hierdie nasionalisme gevorm. “Die geskiedenis is die enigste arsenaal waarin 'n volk die toerusting vind om gestalte aan die toekoms te gee. Ons onthou en wil ons die verlede herinner omdat ons die toekoms verwag”. As die Afrikaner se Calvinistiese lewensbeskouing voor die liberalisme “swig” word dit “oneg” het Van Jaarsveld gewaarsku. Dan is die Afrikaner “ontrou” aan homself en het hy iemand anders geword. “Nie voordat hy na sy historiese basis teruggekeer het nie, sal hy weer sy voete vind en *homself*, d.w.s. *eg wees*.”⁸

In sy jongste opstelle verwys Van Jaarsveld dikwels na die Afrikaner as “verskeur tussen twee wêreldes” en “op soek na homself”.⁹ Aan die een kant die wêreld vol sekerhede, vaste oortuiging en 'n duidelike toekomsvisie. Aan die ander kant die onsekere Afrikaner van vandag, vasgevang in die ernstige politieke, ekonomiese en sosiale probleme van sy tyd ten opsigte waarvan hy leiding moet gee, maar waar dit hom aan 'n duidelike toekomsverwagting ontbreek.

Van Jaarsveld se opstelle oor sy tyd is mooi voorbeelde van hierdie “verskeurdheid” en “soeke”. Daarom sal dit in die toekoms stellig meer dikwels navorsers oor die geesteslewe van die Afrikaner in die na-republikeinse dekades se aandag trek. Aan die een kant is Van Jaarsveld by uitnemendheid die vormgewer van die sekerhede en die vaste oortuiging van die Afrikaner. Dit is deur sy indringende en verrykende historiografies-filosofiese studies en uitsprake dat die Afrikaner se geskiedbeskouing in al sy elemente blootgelê en tot 'n geestelike besit en waardesisteen van die Afrikaner geword het. Hy het dit tot 'n sistematiese samehang verwerf en met 'n positiewe, krities-waarderende wetenskaplikheid aangebied. In die sestiger- en vroeë sewentigerjare was hy pleitbesorger dat die Afrikaner hierdie waardering vir sy eie volksgeskiedenis nie moet prysgee nie. Daarom was hy baie positief oor die Afrikaner se “Calvinistiese roepingsbewustheid” wat die Blankes aan die Kaap weerhou het daarvan om met die heidense volke te vermeng.¹⁰ Hy het die Afrikaner se “geëmansipeerdheid” van sy geskiedenis betreur omdat dit sou lei tot die verval van sy selfbeeld en sy selfkennis. Met diepe kommer het hy die vrees uitgespreek dat Afrikanerskap vir die Afrikaner minder werd kan word as Suid-Afrikanerskap.¹¹

Dit het hom in 1971 tot die gevolgtrekking gelei dat die Afrikaner in 'n krisis

5. Nasionale Boekhandel, 1957.

6. Afrikaanse Pers Boekhandel, 1961.

7. J L van Schaik, 1974.

8. “Geskiedenisonderrig en selfvervreemding in 'n veranderde lewensituasie” in *Historia*, XV no 4 Desember 1971, pp.261–270.

9. Byvoorbeeld *Hoofstad* 21.3.1977, p.10.

10. *Afrikaner, Quo Vadis?*, pp.33–34 en 51. (Voortrekkerpers, 1971).

11. *Ibid.*, pp.17–18 en 138.

verkeer omdat hy besig is om “van die verlede en sy waardes wat al die jare as ankerpunte gedien het, los te raak sonder dat ons nog vashouppunte vir onself in die toekomstige voorgestel het.”¹² Die Afrikaner se sisteem van oortuiging moes egter aanpasbaar wees om te verhoed dat dit bloot ter wille van die tradisie nagevolg word en sodoende konvensioneel en onverantwoord word. Dit, het Van Jaarsveld gewaarsku, sou tot selfverreëding en 'n veel ernstiger geesteskrisis lei.

Wat was volgens Van Jaarsveld die “ankerpunte” van die Afrikaner? Watter daarvan moes onveranderd gehandhaaf word en watter moes aangepas word? Op die eerste vraag het hy heelwat uitvoerige antwoorde verstrekk, maar ten opsigte van die tweede vraag is 'n klinkklare antwoord nie voor die hand liggend nie. Die Afrikaner se geloof en sy Ou Testamentiese roepingsgedagte en hoe dit in sy Bybelgebondenheid gegrond is en sy lewensbeskouing bepaal het, het Van Jaarsveld op simpatieke wyse verwoord.¹³ Kruger se geskiedbeskouing verteenwoordig in werklikheid die Afrikaner se eie beskouing oor sy wese, plek en rol en dit het Van Jaarsveld as historikus aangespreek.¹⁴ Dat dié geskiedbeskouing 'n groot rol in die Afrikaner se politieke lewensgespeel het omdat tussen die politiek en historiese bewusheid en tussen nasionale selfbewuswording en geskiedenisbelangstelling die nouse verband is, het hy beklemtoon: “die geskiedenis is die arsenaal om uit te put en die vesting om in te skuil.”¹⁵

Tot hierdie arsenaal het Van Jaarsveld deur sy wetenskaplike geskrifte en sy universiteits- en skoolhandboeke waardeur hy 'n groot invloed op die onderrig van geskiedenis uitgeoefen het, 'n bydrae gelewer waarvan die omvang en die diepte moeilik bepaal kan word. Die ideaal van Afrikanervolkseenheid, die Afrikaner se vryheidsdrang en sy republikeinse strewe het hy teruggevoer na die Boererepublieke, die Groot Trek en selfs die Patriottewebeweging en die Swellendamse en Graaff-Reinette opstande.¹⁶ Teen voorstelling van die geskiedenis wat die sentrale rol van die Blanke en die Afrikaner ontken het, het hy protes aangeteken¹⁷ en sterk beswaar gemaak teen wanvoorstellings van die Afrikaner.¹⁸ Die Afrikaner se “Calvinistiese roepingsbewusheid” wat bloedvermenging teengestaan het, het hy aangeprys en die Afrikaner gewaarsku om nie sy Calvinistiese beginsels prys te gee vir Angel-Saksiese pragmatisme nie.¹⁹ In die “ideologie van die liberalisme, die humanisme, wêreldburgerskap en die idee van gelykmaking” wat die Afrikaner wil wen vir “die groot ‘change’ wat die grondslag vir veerkragtigheid” deur die jeug en die intellektueles wil lê, het hy 'n bedreiging vir die Afrikaner gesien.²⁰ Hy het hom sterk uitgespreek oor die Jan Salie-gees wat ná republiekwording onder die Afrikaner posgevat het en wat na sy oordeel te bespeur was by Afrikaanse koerante wat “rigtingloos” geword het, by die gewone Afrikaner wat nie meer aandring op die handhawing van “ons beginsels” nie en nie meer die moed

12. *Historia*, XVI, no 4, Desember 1971, p.262.

13. “Die Afrikaanse Geskiedbeskouing” in *Koers*, XXVI/3, September 1958, pp.97–100.

14. “'n Volk se gedrag bepaal sy verlede”, in *Die Huisgenoot*, 13/12/1957.

15. “Die Afrikaanssprekende en sy Geskiedenis 1836–1881”, in *Hertogannale*, VI/10, Desember 1957, pp.108–109.

16. Vergelyk *Afrikaner, Quo Vadis?*, p.50; *Die Republiek van Suid-Afrika, Agtergrond, Ontstaan en Toekoms* (Voortrekkerpers, 1966).

17. “Ons verledebeeld: geskonde oue of vertekende nuwe?” in *Geskiedkundige Verkenninge*, pp.166–186.

18. “Die Onbekende Afrikaner” in *Geskiedkundige Verkenninge*, pp.149–165; *Afrikaner, Quo Vadis?*, p.49.

19. *Afrikaner, Quo Vadis?*, pp.31–34.

20. *Ibid.*, p.23–139.

het om "ons taal in ons eie land in ere te hou nie."²¹ Die jeug se gebrek aan identifikasie met die Afrikaner het hom diep gekwel en sy advies aan hulle was: "Jy sal eers 'n goeie 'Suid-Afrikaner' wees, as jy jouself as Afrikaner bly".²² Vir hom was Afrikanerskap en Suid-Afrikanerskap nie wedersyds insluitende begrippe nie, maar teenoorstaande.²³ Die beleid van afsonderlike volkstate het hy as die enigste oplossing vir Suid-Afrika gesien: "Dit is ons taak om die denkbeeld van afsonderlike volksontwikkeling en die herindeling van Suid-Afrika elke dag te verkondig, daarvoor te filosofeer, te teoretiseer en alle kritiek wat daagliks daarteen in die pers geloods word, te ontsenu, te weerspreek, aan te val, te ontmasker en die onhoudbaarheid daarvan aan te toon."²⁴

As pleitbesorger vir die republikanisme het hy die koms van die republiek in 1961 verwelkom. Maar dit het vir hom ook 'n belangrike negatiewe uitwerking op die Afrikaner gehad. Hy bespeur daarna 'n "neder gang" van die Afrikaner se identiteit-, taal- en kulturbesef. "'n 'Nuwe' Afrikaner het in die vyftiger- en sestigerjare tevoorskyn getree. Hulle is gebore kort voor 1948 en het nie die 'stryd' van die verlede oor taal, identiteit, ekonomiese, kulturele en politieke strewe meegemaak nie. Die Republiek is geërf en nie verwerf nie. Hulle is nie beweeg deur die historiese bewussyn wat die Tweede Vryheidsoorlog of die Rebelle as kern gehad het nie, en kon nie meer emosioneel deur die herinnering aan die verlede beroer word nie". Hierdie Afrikaner "het as't ware in die kultureel-geestelike leuningstoel in selfvoldaanheid ... teruggesak".²⁵ Dit het hom dan ook laat verklaar dat die Afrikaner die kultuurstryd aan die Rand teen die Engelstalige verloor het.²⁶

Die openbare debat in die laat sestiger-, vroeg sewentigerjare oor die "Nuwe Afrikaner" na aanleiding van die klassifisering van Afrikaners as "verlig" en "verkramp", is een waarby Van Jaarsveld betrokke was. Die polemieë is veral deur Afrikaanse koerante in die noorde gevoer. Dit het Van Jaarsveld bewus gemaak van wat hy genoem het 'n nuwe faktor wat binne die mure van die Afrikaner ingeskuif het soos 'n Trojaanse perd: "die joernalistieke magmsens wat vir vele 'dink' en voorskryf." Hy het hierdie ontwikkeling veroordeel omdat "onder die dekmantel van 'objektiwiteit' iets soos gevaarlike standpuntloosheid en gebrek aan leiding in positiewe sin te voorskyn getree het, wat beginsels en waardes probeer afkraak, onder verdenking bring, en 'n 'nuwe denke' en 'n 'change' vooropstel". Hy het na die pers verwys as die "joernalistieke magmsens" wat "op 'n subtile wyse die beginsels van die heersende wêreldideologie van die liberalisme" verkondig en "verwar deur afbreking, opportunisme en verrydeling".²⁷ Ook die "verligte" denke het hy gekritiseer omdat daarin die grondslag van die ideologie van die liberalisme verskuil is. Verkramp en dit waarvoor dit staan moet veredel word, was sy advies.²⁸

In hierdie tydperk was Van Jaarsveld ook aktief gemoeid met diepte-navorsing oor Afrikanerverstedeliking. Dit was hierdie studie wat hom enersyds tot die gevolgtrekking laat kom het dat daar 'n agteruitgang in die Afrikaner se geestes-kulturele lewe ingetree het, maar wat hom andersyds onder die indruk laat kom het van die veranderinge wat die verstedelikingproses nie net in die milieu nie maar ook in die be-

21. *Ibid.*, p.135.

22. *Ibid.*, p.138.

23. Van Afrikaner na Suid-Afrikaner" in *Omsingelde Afrikanerdom*, pp.108–111, (HAUM, 1978)

24. *Afrikaner, Quo Vaidis?*, p.147.

25. "Toekomsbesef en historiese bewussyn" in *Omsingelde Afrikanerdom*, p.98.

26. "Oor die grenslyn: Afrikaans-Engelse dualisme" in *Omsingelde Afrikanerdom*, p.148.

27. *Afrikaner Quo Vaidis?*, pp.131–134.

28. *Ibid.*, p.140.

skouinge van die Afrikaner gebring het. Dit het hom sterk standpunt teen die veranderingsindroom van die sewentigerjare laat inneem, maar andersins hom juis klem laat lê op die noodsaaklikheid daarvan dat die Afrikaner selfkritiek moet toepas en hom by die veranderde politieke waardes van die internasionale wêreld moet aanpas. Reeds in 1965 het hy verklaar dat die Afrikaner se geskiedbeskouing met sy oordrewe klem op stryd en selfverdediging en -beskerming daartoe gelei het dat hy geen selfkritiek toegepas het nie. Waar Van Wyk Louw die Afrikaner se gevoelige reaksie vir kritiek toegeskryf het aan die feit dat kritiek, of dit nou van binne of van buite gekom het, "nie bedoel was om 'n ideaal in ons tot deurbraak te bring nie, maar om te verag, te verkleineer en ons nasieskap te negeer",²⁹ het Van Jaarsveld verklaar: "Selfkritiek word nie meer toegepas nie want dit word deur teenstanders misbruik om verdeeldheid te saai 'die goeie', 'verligte', 'opgevoede' Afrikaner sou dan die 'liberale' Afrikaner wees, en die behoudende Afrikaner die 'bekrompe' en 'reaksionêre'."³⁰

Die ineenstorting van die Portugese bewind in Angola en Mosambiek in 1974, die Soweto-opstande van Junie 1976, die druk op Suid-Afrika deur die Carter-bewind in die V.S.A. en 'n studiebesoek aan Europa aan die einde van 1976 het tot 'n nog skerper kritiese en selfs veroordelende houding gelei wat deur 'n stemming van swaar bewolktheid wat aan pessimisme grens, gekenmerk is. Van Jaarsveld het hom op 'n veel groter skaal as voorheen aan 'n ontleding van die toestand van die Afrikaner en die posisie van Suid-Afrika gewy. Dit het in 'n uitgebreide reeks artikels in Transvaalse dagblaaië uitdrukking gevind, die vernaamste waarvan die reeks *Soeklig op die Afrikaner* in die Pretoriase koerant, *Hoofstad* was. Terselfdertyd het hy hom in wetenskaplike voordrage oor die ontwikkeling van die Afrikaner se geesteskulturele lewe uitgespreek. In 'n voordrag voor die Somerskool van die Universiteit van Kaapstad op 31.1.1977 getiteld "Die Afrikaner: 'n Geskiedkundige Analise", het Van Jaarsveld die Afrikaner se historiesgeworde oortuigings teen die gees en toestand van die huidige Suid-Afrika en die wêreld gemeet en tot die gevolgtrekking gekom dat dit "unzeitgemäss" geword het: "Dit lyk of die Afrikaner met sy beleid sedert 1948 die einde van die weg bereik het. Moontlik sal hy moet afskeid neem van sy tothiertoesse geskiedenis en bewustelik en opsetlik die erfenis van sy verlede moet versaak ten einde verder te kan gaan."³¹ In *Die Evolusie van Apartheid*³² het hy verklaar dat die Afrikaner sy toekoms aan die "ideologie" van apartheid gekoppel het en dat hierdie beleid op die "rots" van die ekonomiese werklikhede van Suid-Afrika skipbreuk gely het.

In 'n referaat wat in Oktober 1979 in Pretoria gelewer is en waarvan heelwat van die kerngedagtes in 'n ander en meer uitgesproke vorm aan die pers oorgedra is,³³ het Van Jaarsveld bogenoemde standpunte 'n stappie verder geneem en verklaar dat die Afrikaner hom in die grootste krisis van sy bestaan bevind.³⁴ Hy het dit as 'n geesteskrisis gedefinieer. Die Afrikaner ken homself nie want hy het nie homself in sy historiese wording werklik krities leer ken en verstaan nie. In sy reeks koerantartikels het Van Jaarsveld verder uitgebrei op dié faktore wat na sy oordeel vir dié toestand verantwoordelik is.

29. N P van Wyk Louw: *Lojale Verset*, p.167.

30. "Die Beeld van Suid-Afrika in die Nuwe Wêreld" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, V/3, September 1965, p.300.

31. *Standpunte*, 137/5, Oktober 1978, p.32. Tafelberg, 1979.

33. Sien *Rapport*, 15.9.1979.

34. "Wie en Wat is die Afrikaner?" Oorspronklike kopie van dié referaat.

● Die Afrikaner het vir hom 'n geïdealiseerde beeld van sy geskiedenis geskep deur die klem te lê op die heroïese uitsonderings of hoogtepunte terwyl sy onvermoë om die ware problematiek van Suid-Afrika te ken en te verstaan — swart-wit verhoudinge en die sosiaal-ekonomiese werklikhede — genegeer is. Hy het die Afrikaner gelykgestel met eenvormigheid en konformiteit. Omdat daar diversiteit ingetree het op alle terreine, is die term Afrikaner uit die mode.³⁵ Die Afrikaner het “versteen”, toon 'n “argaiserende aard”,³⁶ en deur 'n klein groepie is vernuwend denke geëlimineer: “Terwyl die Afrikaners 'n konserwatiewe basis gehad het, het die beroepsafrikaners by die hekke van die Afrikanerkraal met ideologiese knuppels stelling ingeneem om slegs ware, groot en opregte Afrikaners deur te laat, terwyl kritiese afwykelinge, knuppel oor die kop, na die buitenste duisternis van die liberales heengewys is.”³⁷

● 'n Landelike lewensbeskouing waarmee die Afrikaner die sosiaal-ekonomiese werklikhede van die stadsamelewing benader het, het meegebring dat sy geïdealiseerde selfbeeld tot 'n onrealistiese strakheid in sy denke oor politieke vraagstukke gelei het. Gevolglik het hy geen toekomsvisie en 'n groot omvattende plan om probleme op te los, gehad nie. Hy staan in toekomsafwagting eerder as toekomsbeplanning.³⁸

● 'n Konsep van die Afrikaner as uitverkore volk het daartoe gelei dat die Afrikaner 'n rigoristiese politieke filosofie ontwikkel het op grond waarvan hy vir homself die reg toegeëien het om sý denke tot dié denke vir Suid-Afrika te verhef. In hierdie verband het hy die werke van prof. G Cronjé, dr. P Meyer, prof. G D Scholtz en dr N Diederichs skerp veroordeel omdat dit die Afrikaner met 'n valse utopie wou gerusstel eerder as om hom tot 'n aanvaarding van werklikhede te lei.

● Die Afrikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is in beweging en verkeer in 'n oorgangstadium. “Cape liberalism” is besig om die oorhand oor noordelike konserwatisme te verkry.³⁹ Die Afrikaner se nasionalisme moet 'n nuwe inhoud verkry wat positief gerig is en wat sy basis verbreed om ook Engelstaliges in te sluit en wat 'n bondgenootskap met die nie-blankes aangaan.⁴⁰

● Die Afrikaner het in sy selfgesentreerde geskiedvisie nie die invloed van die proses van verstedeliking op homself en die swartman raakgesien of begryp nie en het geglo dat hy die horlosie ten opsigte van hierdie proses en die gevolglike proses van integrasie, kan terugdraai. Die feit dat hy dit nie kon regkry nie, het al die ou utopiese opvattinge waarmee hy die werklikheid benader het, vernietig. Daarom het hy die grondwetlike voorstelle van 1977 as 'n waterskeiding beskou wat die erkenning inhou dat die einde van apartheid soos in 1948 gevisualiseer is, bereik is.⁴¹ Die ontsegging van gelyke politieke, ekonomiese en sosiale regte vir die nie-blankes wat dieselfde beska-

35 *Hoofstad*, 17.1.1977, p.8.

36 *Ibid.*, 28.3.1977, p.14.

37 *Ibid.*, 18.4.1977, p.8.

38 *Ibid.*, 25.7.1977, p.12.

39 *Ibid.*, 12.12.1977, p.18 en 18.12.1977, p.16

40 *Ibid.*, 2.5.1977, p.8 en 9.5.1977, p.10.

41 *Ibid.*, 29.11.1977, p.18.

wingspeil as die blankes bereik het, het hy veroordeel as in stryd met Calvinistiese beginsels.⁴²

● Die feit dat die Afrikaner internasionaal geïsoleerd staan en die voorwerp van Russiese aggressiewe oogmerke geword het, het aan hierdie krisis 'n verdere dimensie verleen. Die eis om stemreg wat die ZAR in 1899 in oorlog met Brittanje betrokke laat raak het, het meegebring dat die Afrikaner alleen staan. Suid-Afrika se probleme het internasionale probleme geword. Die onsimpatieke beleid van die Carter-administrasie jeens Suid-Afrika en die nuwe selfvertroue waarmee swart nasionalistiese eise gestel word, het die Afrikaner op die vooraand van die Derde Vryheidsoorlog gebring.⁴³

Van Jaarsveld het hom ook oor moontlike oplossings uitgelaat: Selfregering aan elke volksgroep hoewel hulle deurmekaar woon. 'n Oorkoepelende etniese of staatsraad waar die een die ander nie oorheers nie. 'n Kabinet met 'n Kleurling- en Indiërminister en inspraak vir die Kleurlinge en Indiërs op landsbeleid.⁴⁴ Die Kleurlinge moet die "breë substraat" vorm waaruit die Afrikaanse taal voortdurend versterk kan word.⁴⁵ Naas integrasie en apartheid bestaan daar moontlik 'n middeweg wat hy beskryf het as "evolusionêre integrasie ... wat die beste tipering van die huidige regeeringsbeleid skyn te wees. Dit kom op gelykstelling op langtermyn neer, tensy oorlog die stryd beëindig en 'n afgedwonge nuwe samelewing bring."⁴⁶ Hy het Eerste Minister P W Botha geloof as die man wat na dertig jaar dit raakgesien het dat apartheid 'n fout is.⁴⁷

As historikus leef Van Jaarsveld saam met sy tyd. Uit bogenoemde is dit duidelik dat hy oor vele vraagstukke en aspekte van die Afrikaner se huidige posisie tussen uiterstes heen en weer beweeg, dat die pendulum nog nie 'n ruspunt gevind het nie. Hoewel 'n mens van baie van sy uitsprake kan verskil omdat dit te kras bewoord is of te veel aan die politieke joernalistiek van die dag gebonde is, het hy hierdeur die betrokkenheid van die verlede by die hede getoon. Sy vergelykinge is dikwels te sterk deur die politiek van die oomblik geïnspireer, en toon nie die ryphed en oorwoënhed van die "verstanende" historikus nie. Hy illustreer egter hoe noodsaaklik 'n kennis van die verlede vir insigte in die hede en toekoms is.

Historiese ryphed en rykheid het in ons tyd veel mee te spreek in die debat oor die toekoms. Maar dan moet die historikus voldoen aan die eise om nie in die slaggate wat daar vir hom wag, te trap nie. Hy moet nie die geskiedenis vir allerhande handige politieke uitlegte van die dag gebruik nie. Hy moet beoordeel en nie veroordeel nie. Sy woordkeuse moet getuig van sy sterk wetenskaplike begronding. Gebeurtenisse moet binne 'n groter geheel en in voortdurende verband met mekaar geplaas word. Bowe-al moet die historikus sorg dat hy konsekwent in sy denke is sodat hy inderdaad vertolker van sy tyd eerder as kommentator op sy tyd is. Hy moet sy begrip van en waardering vir die verlede en sy ideale, versoen met sy vertolking van die werklikhede van sy dag.

Dit is nog te gou om Van Jaarsveld aan al hierdie eise te meet en sy plek te

42. *Ibid.*, 8.8.1977, p.12.

43. *Ibid.*, 4.7.1977, p.10; 29.12.1976, p.10; 24.10.1977, p.12.

44. *Ibid.*, 21.2.1977, p.14.

45. *Ibid.*, 15.8.1977, p.15.

46. *Ibid.*, 21.11.1977, p.16. Vgl. 28.11.1977, p.14.

47. In 'n onderhoud met *Newsweek* soos weergegee in *Beeld*, 13.10.1979, p.

bepaal. Miskien sal toekomstige historiograwe hom juis as die verpersoonliking van die intellektueel-worstelende en soekende Afrikaner van die na-republiekwordingdekades beskou. Want Van Jaarsveld is Afrikaner in murg en been, maar een wat op soek is na die sintese van verlede en hede, van ideaal en werklikheid. Die geskiedenis sal waarskynlik die Afrikaner van die na-republikeinse era eendag tipeer as 'n Afrikaner op trek na 'n nuwe inhoud vir ou waardes en ideale. Miskien sal Van Jaarsveld dan as een van die ontstuiimige verkenners beskou word wat vooruit gejaag het waar ander versigtig verken het. Miskien sal Van Jaarsveld self nog met sy skeppende vermoëns 'n brug lê en 'n sintese skep wat die evolusionêre voortgang van die Afrikaner se geskiedbeskouing en -waardering sal aantoon. Dit sal vir die Afrikaner help om sy ankers in die verlede waarlik te ken en te waardeer met dié positiewe, opbouwende kritieswaarderende houding wat vir hom so nodig is.